Sing vooraf: Psalm 31:15 (p. 147)

15 Hoe groot is, HEER, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 81:1, 4, 9 (p. 411)

1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.

4 Want dis die bevel / wat alom weerklink het / onder Israel;
dis die groot gebod / van 'n troue God / wat aan ons gedink het;

9 Neig, my volk, jul oor, / – dis wat Ek getuig het – / neig jul oor en hoor:
Ag, as Israel / maar op my bevel / voor my woord gebuig het!

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 119:13 (p. 589)

13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyt.
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop is op gebou.
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.

Skriflesing: 1 Petrus 2

Teks: Kategismus Sondag 43; 1 Petrus 2:1

Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpratery; (1 Petrus 2:1 AFR1953)

Die eis van die Here vir alle mense deur alle tye bly egter dieselfde: geloof en gehoorsaamheid.

- Wees versigtig en wees opreg.
- Die proses van versigtigheid word duidelik gedefinieer: Lê af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpratery.

Kom ons kyk vanaand na die negende gebod teen die agtergrond van die beloftes wat die Here vir ons maak. Ons gee aandag aan die volgende aspekte daarvan:

1. Die negende gebod wil ons bewaar teen die kwaad
2. Die negende gebod maan ons tot versigtigheid

1. Die negende gebod wil ons bewaar teen die kwaad

Ons wat glo, moet verskillende eienskappe hê:

- Ons moet alle fisiese sondes aflê, soos boosheid en elke soort bedrog.
- Maar ons moet ook sielsondes wat nie altyd van buite af duidelik gesien kan word nie, aflê – dinge soos geveinsdheid en afguns en alle kwaadpratery.

- Dit beteken in eenvoudige taal dat ons baie opreg moet wees: Opreg beteken dat ons alle veglustigheid en rusiesoekerigheid vermy.

Hierdie opdrag van die Here Jesus sluit dus baie goed aan by die negende gebod wat ons verbied om valse getuienis te lewer.

- Ons moenie dink dat ons net valse getuienis lewer wanneer ons in ’n hof staan en onder eed onwaarhede verkondig nie.
- Valse getuienis het baie familielede wat dieselfde eindresultaat het.
    - Dink byvoorbeeld aan skinder en kwaadsteek en hoe uiters gevaarlik dit is.
    - Dit is soos wanneer daar ’n wolf onder ’n trop skape inkom, want hy kan almal doodbyt.

Die Here stuur elke Christen soos ’n skaap tussen ’n klomp wolwe in.

- Ons moet in ’n kwaai en aggressiewe wêreld ons beginsels gaan uitlewe, sonder om aan die eer van God enige skade te doen.
- Die vyande van die gelowiges is mense van naby en van ver – hulle is orals.
- Die ellende is dat die vyande van die gelowiges dikwels gekamoefleer is as medegelowiges! Hulle sit soms saam op die kerkbanke!

Na aanleiding van Johannes 8:44, waar die Here Jesus Christus ’n uitspraak maak teen die mense wat so kan loop en onwaarhede verkondig, noem ons die oortreding van die negende gebod die “**eie werke van die duiwel**”.

- Daar is baie mense wat kwaadpraat en skinder en wat daarmee die eer van die kerk (die gelowiges) deur die modder sleep.
- Die Here Jesus het gesê:

  Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ’n mensemoordenaar van die begin af, en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ’n leuenaar is en die vader daarvan.
  (Johannes 8:44 AFR1953)

Dit is inderdaad so, want die Satan is ’n leuenaar van die eerste woord af wat ons van hom hoor.

- Al die ellendes wat ons vandag in die wêreld ken, is die gevolg van die leuens van die Satan.
- Die Satan is in sy element as ons met leuens omgaan, en deur hierdie leuens in die moeilikheid raak.

Daarom waarsku die Bybel ons om nie soos die Satan te wees nie, want die Satan is die vader van die leuen.

- As iemand dus met leuens lewe en bedrog pleeg, lewe hy die styl van die duiwel.
- Ons mag nie waarhede verdraai of uit verband ruk nie, want dis presies hoe die duiwel sy ding doen.
- As ons lewe daarmee ooreenstem, dan beteken dit dat ons die duiwel navolg.

Die waarskuwing is baie duidelik: Moenie kinders van die Satan word deur julle werke nie. Woorde is ook werke. Slegte werke versterk die mag van die Satan.

Die probleem is dat daar soveel mense is wat voorgee dat hulle Christene is, maar wat met die oneerlikheid in hulle lewens die eer van God skend.

- Die waarskuwing is nie ontydig nie, want mense het maar altyd die geneigdheid om ander mense te beskinder.
- Mense het maar altyd die geneigdheid om dinge uit te saai wat onwaar is.
- Die feit is net dat allerhande los stories haat en onmin onder mense veroorsaak, of selfs skeuring saai.

- Dit laat mense hulle vertroue in mekaar verloor en dan word daardie vakuum deur wantroue gevul.
- Mense wat goed met mekaar behoort te kan saamlewe, raak dan in spanning en onvrede met mekaar.

As ons ons aan hierdie soort dinge skuldig maak, skend ons die koningsbeeld van God in ons.
Onthou dat die Satan magtig is. Hy het genoeg krag om die mens te laat struikel waar hy die geleentheid kry.

2. Die negende gebod maan ons tot versigtigheid

God hoor alles en oordeel oor alles.

- Hy hoor ook ons leuens en laster teen ons naaste.
- Dit beteken dat u moet besef dat God Persoonlik Getuie is van alles wat ons sê.
- Ons het dus geen verweer as ons voor God moet verskyn oor hierdie sonde nie.

Die eerste vermaning tot versigtigheid is dat ons moet weet dat die Vader, Seun en Heilige Gees in sy optrede en beloftes altyd absoluut eerlik is.

- By God is niks anders as die waarheid nie.
- As jy as beelddraer van God nie hierdie selfde kenmerk vertoon nie, kan jy verwag dat die Here jou daaroor gaan straf.

Dit bring ons by die tweede rede tot versigtigheid, naamlik die oordeel van God.

- Die oordeel van God is nie iets waarmee mens kan speel nie.
- Die leuen gaan lynreg teen die heiligheid van God in.
- En God belowe self dat Hy alle sondes tydelik en ewiglik gaan straf.
- Dit beteken doodgewoon dat as jy nie lief is vir die waarheid nie, en jy nie tot bekering kom nie, jy met die hel gestraf gaan word.

Die beste voorbeeld van die saak is die Satan self.

- Hy het onder andere met leuens in die hemel in opstand gekom, en is as gevolg daarvan uit die hemel uitgeban.
- Hy het daarna met leuens die mens tot ’n val gebring. Daarom noem God self die duiwel ’n mensemoordenaar.
- Vir hierdie onheilige optrede van hom, teen sowel God as die mens, word die Satan vir ewig veroordeel. Hy gaan hel toe.

U moet tog asseblief nie dink dat die verskrikking van die hel nie so verskriklik is nie.

- Dis nie iets wat enige mens op die aarde in staat is om te kan verduur nie.
- Die angs van die hel gaan gepaard met die donkerste dieptes van Godsverlatenheid en pyn – liggaamlike en geestelike pyn.
- Selfs meer as waaraan ons nou kan dink.

Die eienaardige is dat geen mens bekend wil staan as ’n hoer of ’n moordenaar nie, maar oor die algemeen gee mense nie om om te skinder nie.

- Ons gee soms ook nie om om mense swart te smeer en te veroordeel nie – terwyl die oordeel God alleen toekom.
- Dit terwyl alle sondes ewe swaar deur God veroordeel word.

Dink net vir een oomblik watter soort sondes almal onder die negende gebod val:

- valse getuienis
- woorde verdraai
- kwaadspreek

- laster
- ligvaardig oordeel of help veroordeel
- lieg en bedrieg

U sien, as ons versigtig werk met die negende gebod, dien ons die eer van God en van ons naaste. Daarby dien diegene wat hierdie soort optrede vermy ook sy eie eer, **want ons het tog nie werklik respek vir mense met los tonge nie**.

Ons het vanoggend Nagmaal gevier saam met die Here Jesus Christus. Hy het aan elkeen van ons wat die tekens van sy versoening hanteer het die versekering gegee dat ons volkome met God versoen is.

- Hy bid nou vir almal van ons – elkeen afsonderlik op die man af.
- In sy smeekbedes voor die Vader bely Hy met absolute eerlikheid al ons sondes waarvoor Hy sy liggaam en bloed gegee het.
- Hy vertel nie een leuen oor ons nie – en ook nie oor die feit dat Hy ons sondes versoen het nie.

Mag sy genade oor ons so groot wees dat ons as versoendes eerlik en sonder enige valse getuienis deur ons lewens gaan.

Let op wat ons hieroor bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 43:

> ***Vraag 112: Wat eis die negende gebod?***
>
> ***Antwoord:*** *Ek mag teen niemand valse getuienis aflê (a), niemand se woorde verdraai (b), nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie (c), niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie (d). Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel (e) se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring (f) nie. In regsake en in alle ander handelinge moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely (g). My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder (h).*
>
> *(a)Spr 19:5, 9; 21:28. (b) Ps 15:3; 50:19, 20. (c) Rom 1:30. (d) Matt 7:1; Luk 6:37. (e) Joh 8:44.*
> *(f) Spr 12:22; 13:5. (g) 1 Kor 13:6; Ef 4:25. (h) 1 Pet 4:8.*

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 4:3 (p. 15)

3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: Nabetragting 11 November 2007 (aand)

Matteus 10:16b: . . . **wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe.**